This work by www.setapartpeople.com is licensed under a Creative Commons Attribution-NonCommercial-NoDerivs 3.0 Unported License.

Inleiding

Pesach is ‘n baie spesiale fees in YHVH se jaarlike kalender soos beskryf in die Tanach. Dit herdenk YHVH se wonderbaarlike daad waarmee Hy Sy volk uit slawerny gelei het na vryheid. Dit was ingestel op die nag toe YHVH die kinders van Israel uit Egipte verlos het, waar hulle slawe was. Met vele plae en groot wonderwerke het Hy Sy volk verlos van die onderdrukking, sodat hulle Hom kon dien en eer. So is elkeen van ons verlos van die slawerny van sonde, daarom wanneer ons hier van die Israeliete praat, praat ons asof dit met ons persoonlik gebeur het.

Pesach was permanent gemerk in YHVH se kalender as ‘n spesiale tyd vir Hom om met Sy mense te ontmoet. Hy het vir ons instruksies gegee om vir ons te wys hoe Hy wil hê ons moet die geleentheid vier. Hierdie instruksies leer ons van YHVH en van Sy plan vir ons verlossing.

Die vernaamste instruksies vir Pesach en die fees van Ongesuurde Brode sluit in:

- Shabbat op die eerste en sewende dag (Exo 12:16)
- Verwydering van suurdeeg en gesuurde items uit ons huise (Exo 12:15, 13:7)
- Weerhouding van die eet van gesuurde items (Exo 12:15, 13:3)
- Braai en eet van die lam offer (Exo 12:8, Deut 16:2-3. Aangesien die tempel nie meer staan nie, kan ons nie hierdie instruksie uitvoer nie
- Eet matzah, ongesuurde brood (Exo 12:8, 16:3)
- Eet van bitter kruie (Exo 12:8),
- die storie van die uittog uit Egipte vertel (Exo 12:25-27, 13:8,14-15).

Bo en behalwe die verwydering van suurdeeg uit ons huise, onderhou ons die instruksie van die eet van spesiale kos en die vertel van die storie, deur bymekaar te kom saam met vriende en familie vir ‘n feesmaal, genoem die seder.

Belangrikeid vir die volgelinge van Y’shua

As disipels van Y’shua het ons soveel te meer rede om hierdie spesiale fees te vier. Soos ons reeds weet, hierdie feeste “ *‘n heenwysing is na dit wat nog moet kom; maar die fondasie behoort aan Y’shua*.” (Kol 2:17)

Simboliek

Die drie Matzoth

Dit kan YHVH, Y’shua en die Ruach haQodesh verteenwoordig. Die middel matzah word gebreek, simbolies van Y’shua se liggaam wat vir ons gebreek is.

Isa 53:5

Maar Hy is ter wille van ons oortredinge deurboor, ter wille van ons ongeregtighede is Hy verbrysel; die straf wat vir ons die vrede aanbring, was op Hom, en deur sy wonde het daar vir ons genesing gekom.

Afikomen

Die deel van die gebreekte middel matzah, wat weggesteek word, word die afikomen genoem. Dit is 'n griekse woord wat beteken "*Hy sal weer kom*". (Joh 14:3)

Bitter Kruie

(Maror - Horseradish) Herinner ons aan die bitterheid van die slawerny in Egipte asook die bitterheid van slawerny van sonde.

Appel en Wyn mengsel

(Charoset) - Herinner ons aan die sement wat gebruik is om die bouwerk in Egipte mee te doen. Dit herinner ons aan die swaar las waaronder ons gebukkend gaan weens die juk van sonde. Die slegste omstandighede word soet gemaak deur die hoop in YHVH.

Die groen groente

(pietersielie- Karpas) Word gedoop in sout water as 'n herinnering aan die trane gestort en sweet tydens slawerny. Dit verteenwoordig ook verlossing in die lente en ons hoop in YHVH.

Ons drink **vier bekers wyn** tydens die seder. Elkeen herinner ons aan 'n ander fasset van ons uittog en verlossing uit Egipte.

Exo 6:6

Daarom, sê aan die kinders van Israel: Ek is YHVH, en Ek sal julle onder die harde arbeid van die Egiptenaars uitlei - BEKER VAN HEILIGMAKING
en julle red uit hulle slawerny, - BEKER VAN BEVRYDING
en Ek sal julle verlos deur 'n uitgestrekte arm en deur groot strafgerigte; - BEKER VAN VERLOSSING
en Ek sal julle as My volk aanneem en vir julle 'n Elohim wees. En julle sal erken dat Ek YHVH julle Elohim is wat julle uitlei onder die harde arbeid van die Egiptenaars uit. - BEKER VAN LOF

Pesach Vereistes	Y'shua se vervulling
Lam moet 4 dae voor die tyd eenkant gesit word vir ondersoek.	Y'shua kom 6 dae voor die tyd in Bet-Anja aan en gaan dan Jerusalem binne. Hy leer die mense en word keer op keer met strikvrae bestook. Hy antwoord sodat daar geen klagtes teen Hom ingebring kan word nie.
Die lam moet 'n rammetjie wees	Y'shua is manlik.
Die lam moet sonder gebrek wees	Die Fariseërs kan niks teen Y'shua inbring nie. Pilatus verklaar Hom ook onskuldig
Die lam se bene mag nie gebreek word nie.	Y'shua se bene is nie gebreek nie, want Hy sterf voordat hulle Sy bene kan breek.
Die bloed van die lam kom aan die deurposte bo en langs die kante.	Y'shua se bloed word vir ons gestort en Hy is die Deur waardeur ons moet ingaan en beskerming en verlossing ontvang.

Die volgende dag sien Johannes Y'shua na hom toe kom, en hy sê: Dáár is die Lam van Elohim wat die sonde van die wêreld wegneem! (Joh 1:29)

Johannes noem Y'shua die Lam van Elohim! Ons sien dat Y'shua aan AL die Pesach vereistes voldoen (sien tabel hierbo). Dit is bo en behalwe al die profesieë wat deur Y'shua as Messias vervul is.

Y'shua is vier dae voor die tyd 'eenkant' gesit. Hy was manlik en ook nog uit die geslag van Dawid! Hy was skoon (sondeloos) en sonder enige gebrek - liggaamlik, geestelik en wetlik. Nie voor, tydens of na Sy dood is enige van Sy bene gebreek nie. Y'shua is die Deur waardeur ons moet gaan om verlossing en beskerming te bekom en Sy bloed beskerm ons.

Y'shua het as Pesach lam betaal vir ons ALMAL se sondes. Hy het ons kom loskoop van die slaweband van sonde. Verder het Hy ons uit die slawehuis van Egipte (hierdie sondige wêreld) kom loskoop sodat ons saam met Hom na die Beloofde Land (die ewigheid –die woonplekke wat Hy gaan voorberei het) kan gaan. Met Sy Bloed het Hy gekeer en keer Hy nog steeds dat die verderwer ons aftrek na die ewige straf (finale of tweede dood) solank ons onder Sy beskerming bly.

In die Skrif word ons sonde aan suurdeeg gelyk gestel aangesien 'n klein bietjie die hele baksel deeg deurtrek (1 Kor 5:6,7). Y'shua is ons Brood van die Lewe. Hy was en is sonder sonde (suurdeeg). Y'shua is die Eersteling uit die dood (1 Kor 15:20-23). Hy word deur die eersteling gerf verteenwoordig. Die eersteling gerf moes op die eerste dag na die gewone Shabbat voor YHVH beweeg word. Y'shua het na alle waarskynlikheid vroeg Saterdagaand opgestaan. Dit is die begin van die eerste dag van die week. Dit dui nou ook die begin van die Groot Oes aan .

Y'shua die Messias het dus die Pesach vervul in meeste opsigte. Al wat nog vervul moet word is die nuwe aarde en nuwe Jerusalem (Beloofde Land).

KADDESH

Leier:

Ons is vanaand hier byeen om die Pesach te vier en om YHVH se verlossing van Sy volk te herdenk. YHVH het Israel verlos van die juk van slawerny en ons beveel om dit te herdenk as 'n feesdag. Ons is nie hier om sinneloos fees te vier nie, maar om eer te gee aan YHVH en self 'n groter Pesach en verlossing te herken. As gevolg van die dood van Y'shua die Messias sal ons ook oorgesien word van die ewige dood en bevry word van die las van sonde. Ek versoek dat elkeen die skrif en gebede, wat ons vanaand hier lees sal ondersoek en dat julle waarlik ons Elohim, die Elohim van Abraham, Izak en Jacob sal raaksien en herken. Ek moedig julle ook aan om elkeen YHVH op julle eie te soek. Sy waarheid word onthul in Sy Woord.

GAS 1:

> *Exo 12:17*
> *Onderhou dan die ongesuurde brode, want op daardie selfde dag het Ek julle leërs uit Egipteland uitgelei. Daarom moet julle hierdie dag in julle geslagte as 'n ewige insetting hou.*

GAS 2:

> *Luk 22:19*
> *Daarop neem Hy brood, en nadat Hy gedank het, breek Hy dit en gee dit aan hulle en sê: Dit is my liggaam wat vir julle gegee word; doen dit tot my gedagtenis.*

Leier:

Geseënd is U YHVH ons Elohim, Koning van die Heelal, wie ons gekies het uit al mense en ons opgehef het bo elke tong, en ons heilig maak met Sy instruksies. YHVH ons Elohim - U wat vir ons met liefde U vasgestelde feeste gegee het, vir blydskap, feeste en tyd van vreugde. Hierdie dag van die Fees van Ongesuurde brood, die tyd van ons vryheid 'n heilige byeenkoms, 'n herdenking van die uittog uit Egipte. U het vir ons 'n erflating gegee. Geseënd is U YHVH ons Elohim, wat Israel en die seisoene heilig maak.

Lig is ‘n simbool van YHVH se teenwoordigheid. Om die menorah aan te steek gedurende fees dae en op Shabbat herinner ons dat YHVH ons lig is. Dit staan ook geskryf in Genesis dat die na-saad van die vrou die slang se kop sal vermorsel.

> *Gen 3:15*
> *En Ek sal vyandskap stel tussen jou en die vrou, en tussen jou saad en haar saad. Hy sal jou die kop vermorsel, en jy sal hom in die hakskeen byt.*

Dit is uit ‘n vrou wat ons verlossing sal kom, ons hoop, ons lig. Dit is deur die saad van ‘n vrou wat Y’shua gebore is. Laat die vrou van die huis die menorah aansteek op hierdie feesdag.

Barukh atah, YHVH Eloheinu , melekh ha-olam, asher natan lanu et or ha olam, Y’shua ha Massiach, Ki bo yeish lanu et or ha chaiyim. Selah	Geseënd is U YHVH,ons Elohim,Koning van die heelal wie vir ons die lig van die wereld,Y’shua die Messias gegee het, want in Hom het ons die lig van die lewe! Amein
Barukh atah, YHVH Eloheinu melekh ha-olam, asher shehecheyanu v’kiyimonu v’higianu l’zman hazey Selah	Geseënd is U YHVH,ons Elohim,Koning van die heelal, wat ons aan die lewe ge-hou het en bewaar het, en wat ons in staat gestel het om hierdie seisoen te bereik . Amein

Leier:

Die seder bord het baie items wat ons gaan gebruik om die Pesach te ervaar deur die gebruik van ons sintuie. Ons gaan nou begin om die Haggadah (die verhaal) te lees. Ons is geroep om Pesach te vier, Jood en nie-Jood, want Y’shua het gesê:

> *Mat 5:17*
> *Moenie dink dat Ek gekom het om die wet of die profete te ontbind nie. Ek het nie gekom om te ontbind nie, maar om te vervul.*
> *18 Want voorwaar Ek sê vir julle, voordat die hemel en die aarde verbygaan, sal nie een jota of een titteltjie van die wet ooit verbygaan totdat alles gebeur het nie.*
> *19 Elkeen dus wat een van die minste van hierdie gebooie breek en die mense só leer, sal die minste genoem word in die koninkryk van die hemele; maar elkeen wat dit doen en leer, hy sal groot genoem word in die koninkryk van die hemele.*
> *20 Want Ek sê vir julle dat, as julle geregtigheid nie oorvloediger is as dié van die skrifgeleerdes en Fariseërs nie, julle nooit in die koninkryk van die hemele sal ingaan nie.*

GAS 3:

Exo 6:1
Daarop het YHVH Moses geantwoord: Nou sal jy sien wat Ek Farao sal aandoen. Want deur 'n sterke hand sal hy hulle laat trek, ja, deur 'n sterke hand gedwing, sal hy hulle uit sy land uitdrywe.

Almal:

Exo 6:6
Daarom, sê aan die kinders van Israel: Ek is YHVH, en Ek sal julle onder die harde arbeid van die Egiptenaars uitlei en julle red uit hulle slawerny, en Ek sal julle verlos deur 'n uitgestrekte arm en deur groot strafgerigte; 7 *en Ek sal julle as my volk aanneem en vir julle 'n Elohim wees. En julle sal erken dat Ek YHVH julle Elohim is wat julle uitlei onder die harde arbeid van die Egiptenaars uit.*

Leier:

Gedurende die seder drink ons vier bekers wyn:

- Beker van Heiligmaking
- Beker van Bevryding
- Beker van Verlossing
- Beker van Lof

Vir elke beker is daar 'n tradisionele betekenis sowel as 'n vervulling deur Y'shua:

Beker	Tradisioneel	Vervulling
Heiligmaking	Ons is vry van suurdeeg.	Ons moet vry van sonde wees. Y'shua is die enigste weg om skoon te wees van sonde.
Bevryding	Herinnering aan die plae in Egipte	Herinnering van ons toetse en beproew-ings. Ontwikkel uithou vemoë, nederigheid en volgroeidheid.
Verlossing	Simboliseer die bloed van die lam wat die Isaeliete gered het van die dood.	Y'shua is ons Lam, wie se bloed ons red van die dood.
Lof	Prys YHWH omdat Hy die Israeliete uit Egipte uit gelei het.	Ons moet altyd lof op ons lippe hê vir ons verlossing wat gegee is deur Y'shua.

URECHATZ

GAS 2:

Psa 24:1

'n Psalm van Dawid. Die aarde behoort aan YHVH en die volheid daarvan, die wêreld en die wat daarin woon;
2 want Hy het dit gegrond op die seë en dit vasgestel op die strome.
3 Wie mag klim op die berg van YHVH? En wie mag staan in sy heilige plek?
4 Hy wat rein van hande en suiwer van hart is, wat sy siel nie ophef tot nietigheid en nie vals sweer nie.
5 Hy sal seën wegdra van YHVH en geregtigheid van die Elohim van sy heil.
6 Dit is die geslag van hulle wat na Hom vra, wat u aangesig soek—dit is Jakob. Sela.

♫ *You washed us clean*

Leier:

Kom ons was ons hande. Soos ons was, laat ons, ons verbintenis tot YHVH hernu om "rein van hande en suiwer van hart" te wees.

KARPAS

GAS 3:

Exo 2:23

En in daardie lang tyd het die koning van Egipte gesterwe. En die kinders van Israel het gesug en geweeklaag vanweë die slawerny. En hulle geroep om hulp oor hulle slawerny het opgeklim tot Elohim.
24 En YHVH het hulle gekerm gehoor, en YHVH het gedink aan sy verbond met Abraham, met Isak en met Jakob.
25 En YHVH het die kinders van Israel aangesien, en YHVH het hulle geken.

Leier:

Ons neem die pietersielie, genoem karpas, en ons doop dit in die soutwater. Ons doen dit om die trane en pyn van die Israeliete te simboliseer. Na die seën, neem die pietersielie, doop dit in die sout water en onthou dat al het ons moeilike omstandighede in ons lewens, sal ons altyd hoop van YHVH hê om ons vry te maak van ons beproewings.

Barukh atah, YHVH Eloheinu , melekh ha-olam, borei perie ha adamah, Bashem Y'shua ha Massiach, Selah	Geseënd is U YHVH, ons Elohim, Koning van die heelal, wat vir ons die vrug van die aarde geskep het. In die naam van Y'shua die Messias Amein!

YACHATZ

GAS 4:

1Co 5:6
Julle roem is nie mooi nie. Weet julle nie dat 'n bietjie suurdeeg die hele deeg suur maak nie?
7 Suiwer dan die ou suurdeeg uit, sodat julle 'n nuwe deeg kan wees—soos julle inderdaad ongesuurd is—want ook ons paaslam is vir ons geslag, naamlik Y'shua die Messias.
8 Laat ons dan feesvier, nie met die ou suurdeeg of met die suurdeeg van ondeug en boosheid nie, maar met die ongesuurde brode van reinheid en waarheid.

GAS 1:

Exo 12:34
Toe neem die volk hulle deeg voordat dit ingesuur was, met hulle bakskottels, in hulle mantels toegebind, op die skouers.

Leier:

Lig die bord met 3 matzah op

Ons sit tradisioneel 3 matzah in die seder bord. Daar is baie verduidelikings van hoekom ons spesifiek drie gebruik. Een van hierdie verduidelikings is dat dit Abraham, Izak en Jakob voor stel. Die ander verduidelikings is dat dit YHVH, Y'shua en die Ruach ha Qodesh voorstel.
[Verwyder en breek die middelste matzah]
Ons breek nou die midelste matzah, die brood van beproewing. Ons eet die helfte van hierdie brood en die ander helfte word die afikomen, die nagereg, genoem. Ek gaan die helfte weegsteek vir die kinders om later te soek.

Steek die een helfte weg en sit die ander helfte terug in die sakkie.

ALMAL:
Met haas is ons uit Egipte uit weg.

MAGGID

GAS 2:

Deu 6:4
Hoor, Israel, YHVH ons Elohim is Een.
5 Daarom moet jy YHVH jou Elohim liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met al jou krag.
6 En hierdie woorde wat ek jou vandag beveel, moet in jou hart wees;
7 en jy moet dit jou kinders inskerp en daaroor spreek as jy in jou huis sit en as jy op pad is en as jy gaan lê en as jy opstaan.
8 Ook moet jy dit as 'n teken bind op jou hand, en dit moet as 'n voorhoofsband tussen jou oë wees.
9 En jy moet dit op die deurposte van jou huis en op jou poorte skrywe.

GAS 3:

Deu 6:20
As jou seun jou later vra en sê: Wat beteken die getuienisse en die insettinge en die verordeninge wat YHVH onse Elohim julle beveel het?
21 dan moet jy aan jou seun sê: Ons was slawe van Farao in Egipte; maar YHVH het ons deur 'n sterke hand uit Egipte uitgelei.
22 En YHVH het groot en onheilbrengende tekens en wonders voor ons oë in Egipte aan Farao en sy hele huis gedoen.
23 En Hy het ons daarvandaan uitgelei om ons in te bring, sodat Hy ons die land kan gee wat Hy aan ons vaders met 'n eed beloof het.
24 En YHVH het ons beveel om al hierdie insettinge te volbring, om YHVH ons Elohim te vrees, dat dit met ons altyd goed mag gaan, om ons in die lewe te hou soos dit vandag is.
25 En dit sal geregtigheid vir ons wees as ons sorgvuldig al hierdie gebooie hou voor die aangesig van YHVH ons Elohim soos Hy ons beveel het.

GAS 4:

Exo 12:26
En as julle kinders julle vra: Wat beteken die diens daar?
27 dan moet julle sê: Dit is 'n Pesach offer aan YHVH, wat by die huise van die kinders van Israel in Egipte verbygegaan het, toe Hy die Egiptenaars getref maar ons huise gered het. Toe het die volk in aanbidding neergebuig.

JONG KIND:

- Op alle ander nagte eet ons brood of matzah. Hoekom eet ons op hierdie nag net matzah?
- Op alle ander nagte eet ons 'n verskeidenheid van groente. Hoekom eet ons op hierdie nag slegs bitter groente?
- Op alle ander nagte doop ons nooit ons groente nie. Hoekom doop ons dit vanaand twee keer?
- Op alle ander nagte sit ons of lê ons terug terwyl ons eet. Hoekom lê ons vanaand net terug?
-

Leier:

Vanaand is anders as alle ander aande want vanaand herdenk ons wat YHVH vir sy mense gedoen het.

Ons gaan nou die storie van die Pesach vertel:

GAS 1:

Die Israeliete was reeds in Egipte. Hulle was vrugbaar en het vermenigvuldig. Hulle het so baie geword dat hulle die land van Egipte begin vul het. 'n Nuwe koning het begin heers oor Egipte en hy het nie vir Josef geken nie. Hy het beveel dat die Israeliete baie swaar werk moes verrig, maar hoe meer hy die Israeliete onderdruk het, hoe meer het hulle vermenigvuldig en uitgesprei oor die land van Egipte. Die koning het toe beveel dat alle pasgebore Israelietiese baba seuntjies doodgemaak moet word. Farao het opdrag gegee aan al sy mense: "elke seuntjie wat gebore word sal in die Nyl rivier gegooi word, maar laat elke meisietjie leef.

GAS 2:

'n Levietiese vrou het 'n seuntjie gehad en sy het hom weggesteek vir 3 maande. Na hierdie tyd het sy 'n mandjie gemaak en die kindjie in die mandjie geplaas en in die mandjie in die Nyl gesit tussen die riete. Farao se dogter het gekom om in die Nyl te bad toe sy die mandjie in die rivier raak gesien het. Sy het een van haar slavinne opdrag gegee om die mandjie te gaan haal. Farao se dogter het die klein seuntjie jammer gekry en hom aangeneem as haar eie seun. Sy het hom Moses genoem omdat "ek hom uit die rivier gehaal het"

GAS 3:

Moses het groot geword en het geleer van sy erfenis. Nadat hy gesien het hoe 'n Egiptenaar 'n Israeliet geslaan het, het hy die Egiptenaar dood geslaan en hom begrawe in die sand. Toe Farao

uitvind hiervan het hy vir Moses gesoek om hom dood te maak, maar Moses het uit die land uitgevlug. Hy het in die land van Midian aangekom, waar hy getroud is met Zipporah.

GAS 4:

Na die verloop van baie tyd is die koning van Egipte oorlede. Die Israeliete het gekreun oor die onderdrukking en hulle het uitgeroep na YHVH. YHVH het verskyn aan Moses in ‘n brandende bos en vir hom gesê dat Hy Moses gaan gebruik om Sy mense uit Egipte uit te lei na ‘n land wat vloei van melk en heuning. Moses het teruggekeer na Egipte en het YHVH se staf met hom saamgeneem.

GAS 4:

Moses en Aaron, sy broer, het na Farao gegaan om hom te vra vir die vrylating van hulle mense. Farao se hart was verhard teenoor die Israeliete en hy wou hulle nie vrylaat nie. Elke keer wat Farao geweier het om die Israeliete te laat gaan, is die land van Egipte getref met ‘n groot plaag. Met die 10de en ergste plaag is die hart van Farao aangeraak.

Almal:

> *Exo 12:12*
> *Want Ek sal in hierdie nag deur Egipte trek en al die eersgeborenes in Egipte tref, van mense sowel as van diere. En Ek sal strafgerigte oefen aan al die gode van Egipte, Ek, YHVH.*

GAS 1:

> *Exo 12:13*
> *Maar die bloed sal vir julle ‘n teken wees aan die huise waarin julle is: as Ek die bloed sien, sal Ek by julle verbygaan. En daar sal geen verderflike plaag onder julle wees wanneer Ek Egipte tref nie.*

GAS 2:

> *Exo 12:14*
> *En hierdie dag moet vir julle ‘n gedenkdag wees, en julle moet dit as ‘n fees tot eer van YHWH vier. Julle moet dit in julle geslagte as ‘n ewige insetting vier.*
> *15 Sewe dae lank moet julle ongesuurde brode eet; alreeds op die eerste dag moet julle die suurdeeg uit julle huise verwyder. Want elkeen wat gesuurde brood eet, van die eerste dag af tot die sewende toe, dié siel moet uit Israel uitgeroei word.*

16 En op die eerste dag moet daar 'n heilige samekoms wees; ook op die sewende dag moet daar vir julle 'n heilige samekoms wees. Daar mag géén werk op dié dae gedoen word nie; net wat deur elkeen geëet moet word, dit alleen mag deur julle berei word.
17 Onderhou dan die ongesuurde brode, want op daardie selfde dag het Ek julle leërs uit Egipte uitgelei. Daarom moet julle hierdie dag in julle geslagte as 'n ewige insetting hou.

Leier:

Kom ons vul ons bekers 'n tweede keer.

'n Vol beker is 'n teken van vreugde en op hierdie aand is ons gevul met vreugde in herinnering van YHVH se magtige bevryding. Ons moet ook die groot prys onthou waarmee ons bevryding gekoop is. Lewens is opgeoffer om die Israeliete uit slawerny van Egipte te bring. Soos ons elke plaag noem, doop jou pinkie in die beker en laat 'n druppel wyn val. Dit verminder inhoud van ons beker van vreugde vanaand.

Exo 7:15 - 12:31

Almal:

1. Bloed! Bloed! Bloed!
2. Paddas! Paddas! Paddas!
3. Luise! Luise! Luise!
4.Swerms! Swerms! Swerms!
5. Pes! Pes! Pes!
6. Swere! Swere! Swere!
7. Hael! Hael! Hael!
8. Springkane! Springkane! Springkane!
9. Duisternis! Duisternis! Duisternis!
10. Dood van die Eersgeborene! Dood van die Eersgeborene! Dood van die Eersgeborene!

Leier:

Dit is YHVH wat ons eer wanneer ons onthou dat Hy die kinders van Israel gespaar het toe Hy die Egiptenare getref het! Die lam se bloed was gesmeer aan die deurkosyne van die Israeliete. Ons lees in Exodus dat die lam vlekkeloos was, in die huishouding ingebring was en versorg is. Dit was dan op die 14de dag van Av wat die Israeliete die lam moes slag en die bloed op die deurkosyne moes smeer. YHVH het Sy mense instruksie gegee en alleenlik deur gehoorsaamheid sou hulle gespaar word van die engel van die dood. Jesaja vertel van die Messias, dat Hy soos'n lam na slagting gelei sou word. Ons weet dat Y'shua ons finale bloed offer was sodat ons vry gemaak kon word van die las van sonde en dat ons oorgeslaan sou word van die dood.

Opnb 5:12

en met 'n groot stem het hulle gesê: Die Lam wat geslag is, is waardig om te ontvang die krag en rykdom en wysheid en sterkte en eer en heerlikheid en lof.

Lig die ander helfte van die matzah

Hoekom eet ons die ongesuurde brood?

Exodus 12:39

En hulle het van die deeg wat hulle uit Egipte gebring het, ongesuurde koeke gebak; want dit was nie ingesuur nie, omdat hulle uit Egipte uitgedryf is, sodat hulle nie kon vertoef nie en ook geen padkos vir hulle klaargemaak het nie.

MAROR: Hoekom eet ons die bitter kruie?

Exo 1:14

en hulle lewe verbitter deur swaar werk met klei en bakstene en deur allerhande werk in die landerye—al dié werk wat hulle met hardheid deur hulle laat verrig het.

Nou seën ons die tweede beker wyn , die beker van bevryding.

Almal:

Barukh atah, YHVH Eloheinu ,melekh ha-olam, borei perie ha gafen, Bashem Y'shua ha Massiach, Selah	Geseënd is U YHVH, ons Elohim, Koning van die heelal, wat vir ons die vrug van die wingerd geskep het. In die naam van Y'shua die Messias Amein!

RACHTZAH

Leier:

Die beker wat ons nou gedrink het was die beker van bevryding. Terwyl ons nou hande was laat ons stil wees voor YHVH en ons lewens in heroorweging neem. Is ons heilig voor Hom? Is daar dinge wat ons voor Hom stel? Het ons enige onbeleide sonde of gewoontes in ons lewe waarvan ons vry gemaak moet word? In stilte vra Hom nou om jou te bevry daarvan. Onthou, Hy hoor en reageer op die uitroep van Sy mense.

Was die hande

♫ *"The Old Man is Gone"*

MOTZI

Leier:

Ons gaan nou die matzah seën.

Hou al die matzah in die hand. Moet nie nou eet nie.

Hierdie is waarskynlik die seën wat Y'shua oor die brood uitgespeek het by die laaste maal.

Almal:

Barukh atah, YHVH Eloheinu , melekh ha-olam, hamotzi lekhem min ha'aretz, Bashem Y'shua ha Massiach, Selah	Geseënd is U YHVH, ons Elohim, Koning van die heelal, wat brood uit die aarde voortbring. In die naam van Y'shua die Messias Amein!

MATZAH

Leier:

Die matzah van Pesach is nie net kos nie maar ook 'n vervulling van 'n instruksie wat YHVH aan ons gegee het. Kom seën die matzah:

Moet nie die matzah eet nie

Almal:

Barukh atah, YHVH Eloheinu , melekh ha-olam, asher kidshanu b'mitzvotav v'tzivanu ahelot matzah, Bashem Y'shua ha Massiach, Selah	Geseënd is U YHVH, ons Elohim, Koning van die heelal, wat wat ons heilig gemaak het met Sy instruksies en ons instruksie gegee het aangaande die matzah. In die naam van Y'shua die Messias Amein!

MAROR

Almal:

Barukh atah, YHVH Eloheinu , melekh ha-olam, asher kidshanu b'mitzvotav v'tzivanu ahelot maror, Bashem Y'shua ha Massiach, Selah	*Geseënd is U YHVH, ons Elohim, Koning van die heelal, wat wat ons heilig gemaak het met Sy instruksies en ons instruksie gegee het aangaande die maror. In die naam van Y'shua die Messias Amein!*

Eet die boonste matzah saam met die maror

KORECH

GAS 3:

Exo 12:11
En só moet julle dit eet: Julle heupe moet omgord wees, julle skoene aan jul voete en julle staf in jul hand; baie haastig moet julle dit eet. 'n Pesach van YHVH is dit.

Almal:

Num 9:3 *Op die veertiende dag in hierdie maand, teen die aand, moet julle dit op die bepaalde tyd hou; volgens al Sy insettinge en al Sy verordeninge moet julle dit hou.*

Eet die onderste matzah met maror

Leier:

Laat ons nou eet en onthou die genade, barmhartigheid en liefde wat YHVH vir elkeen van ons het, want Hy het Y'shua ons Messias gestuur om ons Pesach Lam te wees. Ons, soos die Israeliete wat vrygemaak is van die las van slawerny, kan gered word van die las van sonde.

Eet die middelste gebreekte matzah met maror en charoset

Leier:

Hoe wonderlik is YHVH se goedheid vir ons! Vir elkeen van Sy handelinge van barmhartigheid en goedheid verklaar ons "*Dayenu*" - dit sou voldoende gewees het.

As YHVH ons gered het en nie die Egiptenare ge-oordeel het nie!
Almal: Dayenu!

Leier: As Hy die Egiptenare ge-oordeel het en nie hulle gode nie!
Almal: Dayenu!

Leier: As Hy hulle gode ge-oordeel het nie hulle eersgeborenes gedood het nie!
Almal: Dayenu!

Leier: As Hy hulle eergeborenes gedood het en nie hulle rykdom aan ons besorg het nie!
Almal: Dayenu!

Leier: As Hy hulle rykdom aan ons besorg het en nie die see vir ons gesplit het nie!
Almal: Dayenu!

Leier: As Hy vir ons die see gesplit het en nie ons vyande laat verdrink het nie!
Almal: Dayenu!

Leier: As Hy ons vyande laat verdrink het en nie vir veertig jaar in die wildernis vir ons voorsien het nie!
Almal: Dayenu!

Leier: As Hy vir veertig jaar in die wildernis vir ons voorsien het en nie vir ons gevoed het met manna nie!
Almal: Dayenu!

Leier: As Hy ons gevoed het met manna en nie vir ons die Shabbat gegee het nie!
Almal: Dayenu!

Leier: As Hy ons die Shabbat gegee het en nie vir ons die Torah gegee het nie!
Almal: Dayenu!

Leier: As Hy ons die Torah gegee het en ons nie Israel in gebring het nie! Hoeveel te meer moet ons nie dankbaar wees teenoor YHVH, want Hy het ook Sy Seun gegee om ons te verlos van die dood. In Messias gee Hy oorvloed, in Y'shua ewige lewe.

♫ **Hebrew Dayenu**

SHULCHAN ORECH

Seën YHVH vir die voedsel. Ons eet nou. Die afikomen moet nou deur die kinders gevind word.

TZAFUN

Leier:

Lig die afikomen op

Ons gaan nou die afikomen eet. Die smaak van die afikomen moet in ons monde bly.

> *Luk 22:19*
> *Daarop neem Hy brood, en nadat Hy gedank het, breek Hy dit en gee dit aan hulle en sê: Dit is my liggaam wat vir julle gegee word; doen dit tot my gedagtenis.*

Die Pesach kan nie afgehandel word sonder die afikomen nie. So ook kan ons verlossing nie voltooi wees sonder Y'shua, die Brood van die Lewe, ons Messias.

Almal:

Barukh atah, YHVH Eloheinu , melekh ha-olam, hamotzi lekhem min ha'aretz, Bashem Y'shua ha Massiach, Selah	Geseënd is U YHVH, ons Elohim, Koning van die heelal, wat brood uit die aarde voortbring. In die naam van Y'shua die Messias Amein!

Eet die afikomen

Leier:

Baie mense vra "Hoe pas Y'shua in die Pesach storie in?" YHVH het vir ons baie profesië en tekens gegee oor die Messias. Y'shau het al die profesië oor die eerste koms van die Messias vervul in die Tanach. Net soos die lam se bloed Israel beskerm het van die dood, so sal Y'shua se bloed ons ook beskerm van die dood.

GAS 4:

Profesie reeds vervul:

> *Micah 5:2*
> *En jy, Betlehem Éfrata, klein om te wees onder die geslagte van Juda, uit jou sal daar vir My uitgaan een wat 'n Heerser in Israel sal wees; en sy uitgange is uit die voortyd, uit die dae van die ewigheid.*

GAS 1:

Profesie vir nou:

> *Micah 5:3*
> *Daarom sal Hy hulle prysgee tot op die tyd dat 'n barende gebaar het. Dan sal die oorblyfsel van sy broers saam met die kinders van Israel terugkeer.*

GAS 2:

Profesie vir die toekoms:

> *Micah 5:4*
> *En Hy sal optree en hulle laat wei in die sterkte van YHVH, in die majesteit van die Naam van YHVH sy Elohim; en hulle sal rustig woon, want nou sal Hy groot wees tot aan die eindes van die aarde.*

GAS 3:

> *Isa 52:13*
> *Kyk, my Kneg sal voorspoedig wees, Hy sal hoog en verhewe, ja, baie hoog word.*
> *14 Soos baie hulle oor U verstom het—so misvormd was sy voorkoms, geen mens meer nie, en sy gestalte was nie soos dié van 'n mensekind nie—*
> *15 so sal Hy baie nasies laat opspring, konings sal hulle mond oor Hom toehou; want wat aan hulle nie vertel is nie, sien hulle; en wat hulle nie gehoor het nie, word hulle gewaar.*

GAS 4:

> *Isa 53:1*
> *Wie het geglo wat aan ons verkondig is? En aan wie is die arm van YHVH geopenbaar?*
> *2 Hy tog het soos 'n loot voor sy aangesig opgespruit en soos 'n wortel uit droë grond. Hy het geen gestalte of heerlikheid gehad, dat ons Hom sou aansien nie, en geen voorkoms, dat ons Hom sou begeer nie.*

3 Hy was verag en deur die mense verlaat, 'n man van smarte en bekend met krankheid; ja, soos een vir wie 'n mens sy gelaat verberg; Hy was verag en ons het Hom nie geag nie.
4 Nogtans het Hy óns krankhede op Hom geneem, en óns smarte—dié het Hy gedra; maar óns het Hom gehou vir een wat geplaag, deur Elohim geslaan en verdruk was.
5 Maar Hy is ter wille van ons oortredinge deurboor, ter wille van ons ongeregtighede is Hy verbrysel; die straf wat vir ons die vrede aanbring, was op Hom, en deur sy wonde het daar vir ons genesing gekom.
6 Ons almal het gedwaal soos skape, ons het elkeen sy eie pad geloop; maar YHVH het die ongeregtigheid van ons almal op Hom laat neerkom.
7 Hy is mishandel, hoewel Hy onderworpe was, en Hy het sy mond nie oopgemaak nie; soos 'n lam wat na die slagplek gelei word en soos 'n skaap wat stom is voor sy skeerders—ja, Hy het sy mond nie oopgemaak nie.
8 Uit die druk en uit die strafgerig is Hy weggeneem; en onder sy tydgenote—wie het daaroor gedink dat Hy afgesny is uit die land van die lewendes? Ter wille van die oortreding van my volk was die plaag op Hom.

BARECH

Almal:

Psa 116:12
Wat sal ek YHVH vergeld vir al Sy weldade aan my?
13 Ek sal die beker van verlossing opneem en die Naam van YHVH aanroep.
14 My geloftes sal ek aan YHVH betaal in die teenwoordigheid van sy ganse volk.

Leier:

Kom ons vul ons bekers die derde keer vanaand. Dit is die beker van verlossing, wat die bloed van die Pesach Lam simboliseer. Dit is die beker waarmee Y'shua Homself geidentifiseer het.

GAS 1:

Luk 22:20
Net so neem Hy ook die beker ná die maaltyd en sê: Hierdie beker is die nuwe testament in my bloed wat vir julle uitgestort word.

Almal:

Barukh atah, YHVH Eloheinu , melekh ha-olam, borei perie ha gafen, Bashem Y'shua ha Massiach, Selah	Geseënd is U YHVH, ons Elohim, Koning van die heelal, wat vir ons die vrug van die wingerd geskep het. In die naam van Y'shua die Messias Amein!

Drink die derde beker

Leier:

Met ware vryheid kom lewe.

GAS 2:

> *Exo 19:4*
> *Julle het self gesien wat Ek aan die Egiptenaars gedoen het, en dat Ek julle op arendsvlerke gedra en julle na My toe gebring het.*
> *5 As julle dan nou terdeë na my stem luister en my verbond hou, sal julle my eiendom uit al die volke wees, want die hele aarde is myne.*
> *6 En júlle sal vir My 'n koninkryk van priesters en 'n heilige nasie wees. Dit is die woorde wat jy aan die kinders van Israel moet meedeel.*

Leier:

Dit is met groot lof en hoop wat ons die laaste beker drink.

Almal:

Barukh atah, YHVH Eloheinu , melekh ha-olam, borei perie ha gafen, Bashem Y'shua ha Massiach, Selah	Geseënd is U YHVH, ons Elohim, Koning van die heelal, wat vir ons die vrug van die wingerd geskep het. In die naam van Y'shua die Messias Amein!

Leier:

YHVH, U het ons inderdaad geroep. U het ons gekies. U het ons verlos. U het U genade oor ons uitgestort en U Torah vir ons gegee en U het ons geroep om U lig te skyn. Mag ons, aan die nasies om ons U lig uitstraal as U verlosde mense, 'n apart gesette volk.

Drink die vierde beker

Net soos ons voorgeslagte hulle suurdeeg in Egipte agter gelaat het, so laat ons ook ons ou natuur agter. In die nuutheid van ons verlossing, laat ons ongesuurde brood [matzah] vir die volgende sewe dae eet, en mag dit ons herinner aan wie ons regtig is, vrygemaak deur Y'shua die Messias.

♫ *I will never be the same again*

HALLEL

Vrou:

Ps 136:1-26

(1) Loof YHVH, want Hy is goed, want Sy goedertierenheid is tot in ewigheid.
(2) Loof die God van die gode, want Sy goedertierenheid is tot in ewigheid.
(3) Loof die Here der here, want Sy goedertierenheid is tot in ewigheid—
(4) Hy wat alleen groot wonders doen, want Sy goedertierenheid is tot in ewigheid.
(5) Wat die hemele met verstand gemaak het, want Sy goedertierenheid is tot in ewigheid.
(6) Wat die aarde op die water uitgespan het, want Sy goedertierenheid is tot in ewigheid.
(7) Wat die groot ligte gemaak het, want Sy goedertierenheid is tot in ewigheid.
(8) Die son om te heers oor die dag, want Sy goedertierenheid is tot in ewigheid.
(9) Die maan en sterre om te heers oor die nag, want Sy goedertierenheid is tot in ewigheid.
(10) Wat die Egiptenaars getref het in hulle eersgeborenes, want Sy goedertierenheid is tot in ewigheid.
(11) En Israel onder hulle uitgelei het, want sy goedertierenheid is tot in ewigheid.
(12) Met 'n sterk hand en met 'n uitgestrekte arm, want Sy goedertierenheid is tot in ewigheid.
(13) Wat die Skelfsee in stukke gesny het, want Sy goedertierenheid is tot in ewigheid.
(14) En Israel daar dwarsdeur laat gaan het, want Sy goedertierenheid is tot in ewigheid.
(15) En Farao saam met sy leër in die Skelfsee gestort het, want Sy goedertierenheid is tot in ewigheid.
(16) Wat sy volk deur die woestyn gelei het, want Sy goedertierenheid is tot in ewigheid.
(17) Wat groot konings verslaan het, want Sy goedertierenheid is tot in ewigheid.
(18) En geweldige konings gedood het, want Sy goedertierenheid is tot in ewigheid.
(19) Sihon, die koning van die Amoriete, want Sy goedertierenheid is tot in ewigheid.
(20) En Og, die koning van Basan, want Sy goedertierenheid is tot in ewigheid.
(21) En hulle land as erfdeel gegee het, want Sy goedertierenheid is tot in ewigheid.
(22) As erfdeel aan Israel, sy kneg, want Sy goedertierenheid is tot in ewigheid.

(23) Wat in ons vernedering aan ons gedink het, want Sy goedertierenheid is tot in ewigheid.
(24) En ons van ons teëstanders losgeruk het, want Sy goedertierenheid is tot in ewigheid.
(25) Wat voedsel gee aan alle vlees, want Sy goedertierenheid is tot in ewigheid.
(26) Loof die Elohim van die hemel, want Sy goedertierenheid is tot in ewigheid.

Leier:

Num 6:24
YHVH sal jou seën en jou behoed;
25 YHVH sal Sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees;
26 YHVH sal Sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee.

YHVH, terwyl ons wag op Y'shua se wederkons, laat ons toe om hierdie nuwe jaar te betree, hierdie tyd van nuwe lewe, nuwe groei en 'n nuwe begin van ons verlossings siklus. Mag die jaar vir ons een wees van groei, voorspoed en gesondheid. Amein!

NIRTZAH

Leier:

Lashana haba'ah birushalayim!

Almal:

"Volgende jaar in Jerusalem"

References

1. http://www.messianicseder.com
2. http://www.masada.org.za/Afrikaans/Jeshua_in_Pesach.html
3. Passover Encounter, Boaz Michael, FFOZ, ISBN: 1-892124-20-3
4. The Feasts of the Lord, Kevin Howard & Marvin Rosenthal, Thomas Nelson Publishers, ISBN: 0-7852-7518-5